## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

8 Mei 2014

Dagsê Almal

***BARMHARTIGHEID: My honger en dors na wat reg is, word sigbaar in barmhartigheid en liefde na buite. Daarom deel ek die gevoelens van mense wat pyn het, hartseer is, alleen voel en onderdruk word. Ek is met hulle in hulle pyn. GOD het aan my 'n sensitiwiteit vir die lyding van ander gegee en 'n deernis om hulle te help.***

Hierdie definisie gee woorde aan my en Petro se bestaan en barmhartigheid is deel van ons lewe. Ons begin met die swaarkry mens, sien dikwels vordering maar ook terugval en beleef elke oomblik saam met elkeen van hulle. Die seerste seer is wanneer ek vir een moet sê genoeg is genoeg en dan vir hom/haar die deur MOET wys, wetende dat hy/sy vanaand sonder bed en kos gaan wees. Waar en wanneer om die streep te trek is 'n baie hartseer saak en ek vra dat julle aan my en Petro sal dink in jul gebede want dit is werklik nooit lekker nie.

Ons het ons eerste troue Saterdag. Michelle en Renier het besluit om die dinge "reg" te doen. Die tweede baba is reeds op pad en Christopher was pas 'n jaar oud. Dink asseblief aan hulle uit dankbaarheid in jul gebede maar ook dat hulle huis opsit en tans werklik niks het nie. Hulle slaap op 'n enkelbedjie en besit byna niks om die lewe met twee kindertjies aan te pak nie. Enige bydrae sal baie welkom wees veral vir die baba – sy is nou 4 maande swanger - maar ook vir die kleinman.

My grootste opgewondenheid is die projek waarvoor ons ingeskryf het. Helpende Hand het fondse beskikbaar om in gemeenskapsprojekte te belê en ons het die eerste fase geslaag. 'n Groenteverwerkings projek – om vars groente te verwerk en te verkoop. Ek benodig 500 sms'e wat na 34388 gestuur moet word groot asseblief en die bewoording is Projek Eljada. Dan betaal Helpende Hand my R45 000 om die masjiene en ander benodighede aan te koop om te kan begin. Ek vra ook dat Projek Kussings na dieselfde nommer gestuur moet word om ons kussingprojek te ondersteun. Die geld sal gebruik word om die industriële borduurmasjien aan te koop wat ons nodig het om weer self die borduurwerk te kan doen.

Ek wil vra of iemand kan kom help om die afrondingswerk te doen waar die bouers nog nie by uitgekom het nie. Die bouwerk moet teen einde Mei afgehandel wees sodat ek die groenteprojek kan aanpak. Hier is heelwat wat nog gedoen moet word. Skakel my gerus.

Eljada Huis bied 'n geleentheid vir een en almal om hul gawes uit te kan leef. Ek benodig hulp op soveel vlakke want ek en Petro kom nie by alles uit nie. Jy kan help om mense aan te ry hospitaal of binnelandse sake toe, net 'n vriendin vir iemand wat swaarkry wees, klere, meubels en ander lewensmiddele aanry, groentebestellings koördineer en kom afhaal, vroue leer brei of hekel, mans leer houtwerk doen, bybelstudie en evangelisasie en vele meer. Kontak my gerus asseblief.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

- **KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, koffie, tee(gewoon en rooibos) , boksmelk, cremora of poeiermelk, margarien, konfyt, stroop, grondboontjiebotter, Bovril, hawermout, soppoeier, speserye, eiers, aanmaakkoeldrank, mieliemeel, pasta, suiker.**
- **Toiletware – vadoeke, skeermesse, toilet papier, tandepasta, tandeborsels, sjampoe, badseep, aanrol(vroue), spuitgoed(vroue), waspoeier en Sunlight seep.**